Hoërskool Ficksburg

Telefoon (051) 933 2491 / 933 2261 / 933 3023
Faks (051) 933 2262
E-pos: fxbskool@ntelecom.co.za
Posbus 204 / Privaatsak X033
FICKSBURG 9730

Ficksburg High School

Telephone (051) 933 2491 / 933 2261 / 933 3023
Fax (051) 933 2262
E-mail: fxbskool@ntelecom.co.za
P.O. Box 2014 / Private bag X033
FICKSBURG 9730

16 Maart 2020

Liewe ouer/voog

Na aanleiding van die besluit wat op 15 Maart 2020 deur ons President geneem is, wil ons graag die volgende onder u aandag bring:

1.) Die Departement van Gesondheid het ‘n WhatsApp-diens begin waar u inligting rakende die Covid-19-pandemie kan bekom. Die volgende nommer moet slegs op u foon as ‘n kontak gestoor word. Die woord “Hi” moet in die boodskap gestuur word en dan sal hulle u byvoeg. Die nommer is: 060 012 3456.
2.) Die volgende aktiwiteite/funksies is gekanselleer en nuwe datums sal in volgende kwartaal deurgegee word:
    a. Drama-opvoering
    b. SA Skole Atletiekbyeenkoms
    c. Ope-dag vir graad 7-leerders
3.) Alle sporttoere wat geskeduleer was vir die Maart-vakansie, is gekanselleer.
4.) Die Voortrekkers sal inligting rakende die geskeduleerde kampe aan die betrokke persone deurgee.
5.) Die toetse wat op 19 Maart 2020 vir die graad 11 en 12 leerlinge sou plaasvind, sal op 14 April 2020 geskryf word. Die toetse wat die graad 11 en 12 leerlinge op 20 Maart 2020 moes skryf, sal nou op 15 April 2020 geskryf word.
    Hierdie datums sal slegs verander indien daar ‘n nuwe verklaring deur die President uitgereik word.

Ons wil graag ‘n beroep op u as ouer doen om u kind behoorlik in te lig rakende higiëne. Die volgende inligting is tydens die President se verklaring deurgegee:

a) Was u hande met seep en water vir ongeveer 20 sekondes.
b) Hoes/nies in ‘n sneesdoekie of in die buig van jou elmboog.
c) Vermy kontak met enige persoon met griep- of verkoue simptome.
d) Verminder/beperk fisiese kontak.
e) Beperk binnelandse reise.
f) Vermy geleenthede/funksies met groot groepe mense.

Ons wil u aanmoedig om in hierdie tyd kalm te bly. Enige inligting vanaf die Departement van Onderwys, sal op ons webtuiste en sosiale media deurgegee word.

Wees verseker dat die veiligheid van u kind ons prioriteit is en dat alle nodige stappe geneem sal word om dit te verseker. Daar is ‘n protokol voorgeskryf deur die Departement van Onderwys wat die skool sal volg in die geval waar ‘n leerling/personeellid of enige persoon wat in kontak met die skool was, positief getoets word vir hierdie virus.

Indien enige leerling of lid van ‘n huishouding vir die genoemde virus positief getoets word, vra ons dat u die skool onmiddelik in kennis sal stel.

Vriendelike groete

HLP VAN ZYL
SKOOLHOOF